

**Vrae aan 'n
Apostel lidmaat**

Vrae aan 'n ou Apostel lidmaat

- 1) Is jy 'n Christen?
- 2) Glo julle aan die voortsetting van die apostel amp?
- 3) Beheer die apostel die toegang tot die hemel?
- 4) Is die apostels YAHUSHA se plaasvervangers op die aarde?
- 5) Is die apostels die enigste mense wat kan vervloek op aarde?
- 6) Gee die apostel se woord lewe?
- 7) Is dit net die apostels wat die VADER ken en met Hom van aangesig tot aangesig mag spreek ?
- 8) Is die Apostel kerk se geboorte uit Rooms-Katoliek?
- 9) Kom die Woord van VADER slegs deur die mond van 'n apostel en nie deur die Skrifte nie?
- 10) Doen julle mondeliks oorlewing wat nie op skrif is nie?
- 11) Het die apostel se woord baie meer gesag as die Skrifte?
- 12) Is die gesag van die Skrif ondergeskik aan die gesag van die apostel?
- 13) Mag jy jou Skrif [Bybel] kerk toe vat?
- 14) Mag jy jou Skrif by die huis lees, met ondersoeke wat gesê en bespreek was in die kerk?
- 15) Is die Skrifte slegs 'n saamgestelde boek van beloftes en geboorte deur 'n groep gelowiges?
- 16) Is die priester die gesag oor al die gemeente se huise, neem hy die besluite oor die hele gesin?
- 17) Het die priester die reg om wetend en onwetende sondes te vergewe soos die apostels ?
- 18) As die priester 'n versoek ontken, is dit aanvaar dat hierdie ontkenning van VADER self kom?
- 19) Hou julle elke maand op die Sondag nagmaal?
- 20) Kan afgestorwenes gedoop, nagmaal neem en verseëling ontvang?
- 21) Tree die profeet, opsiener en evangelis namens die dode op?
- 22) Mag iemand namens 'n oorledene optree om vir hom vergifnis te pleit?
- 23) Is die verseëling gelykstaande aan die wedergeboorte!! ?
- 24) Is dit net die ou Apostel—lidmate wat in die hemel gaan kom?
- 25) Is dit 'n groot wetsoortreding om die kerk te verlaat?
- 26) Gaan daar net 'n sekere groep (religie) hemel toe?
- 27) Glo julle aan drome?
- 28) Glo julle aan die vergewing van sondes en bekering aan dooies?
- 29) Is dit nodig om te bid?
- 30) Is dit so dat Maandae is getuienis; Dinsdae is koor; Woensdae is biduur; Donderdae is krag sel; Vrydae is Koor en Saterdag is jeugaand?
- 31) Is dit so dat as 'n lidmaat nie, soos bo in 30, betrokke is nie, kan hy nie die saligheid beërwe nie?
- 32) Word die Skrifte geestelik verklaar?

- 33) Het YAHUSHA vleeslik opgevaar na die hemel of afgedaal na die hart uit die verstand?
- 34) Is die hemel 'n plek van sielerus, saligheid en vrede? Waar is die hemel?
- 35) Is daar 'n hel?
- 36) Was daar 'n vloed in Noag se tyd?
- 37) Het julle kontak met die afgestorwenes?
- 38) Met doop besprinkel julle; waar in die Skrifte staan dit dat doop deur besprenkeling moet plaasvind?
- 39) Is dit so dat die Ou Apostoliese kerk vyandig teenoor ander geestelike instellings en kerke is?
- 40) Is dit so, wanneer 'n lidmaat onderdanig en gehoorsaam is, toon hy of sy dit na die kantore binne die kerk?

As die antwoord "JA" is op die 40 vrae, kwalifiseer ou Apostoliese kerk dus as 'n kultus omdat hulle:

- (1) Op die woord van 'n apostel werk wat 'n mens is en nie op die Woord (YAHUSHA) van VADER werk nie;
- (2) Wat Die Skrifte minderwaardig ag as die apostel se woord (Luk.24:27; Matt.21:42; 22:29; 26:54-56; ens);
- (3) Wat geen Skrif studie (*veral ondersoekend om die apostel te toets of hy reg spreek*) toelaat aan die gemeentede nie;
- (4) En so ook met die dode (afgestorwenes) werk (Lev.19:31; 20:6, 27; Deut.18:11; Jes.8:19; 19:3; 29:4; ens.).

Ns: Wat sê die Skrif, wat moet dié doen wie se oë oopgaan?

Open. 18:4 ...: *Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes oortredinge mag hê en van haar plae ontvang nie.*